REVIEW: '08 SPORTSTER NIGHTSTER

REVIEW DEUR CARIN JONKER

Hierdie is een van vele motorfietse wat ek gaan toets-ry net om 'n punt te bewys dat daar wel "Life after Passenger" is, yip dit is tyd vir die "Biker Girls" om hulle eie ryding aan te skaf; en wat 'n manier om te begin as met hierdie pragtige Harley-Davidson Sportster Nightster.

Ek het die voorreg gehad om die 1200cc yster-perd te ry vir 'n naweek in die vreeslikste wind en ook in die beste van omstandighede. Lees gerus verder en vind uit hoe jy as vrou, OK, en jy as klein geboude man die pragstuk kan geniet.

EERSTE OOG OPSLAG

Dit is fiets wat skree "Ou Skool" met die speuk wiele, die brandstof "tank" en die modderskerm agter wat kort gesny is en die veer skokbrekers. Die twee kleur verfwerk pas die fiets goed, daar is so te sê niks op die Nightster wat blink nie behalwe natuurlik die "Screaming Eagles" pype wat as 'n opsie beskikbaar is, net om daardie unieke klank af te rond jy weet. Die brieklig is netjies in die flikker ligte ingebou, baie slim en prakties. Die Nightster is goed afgerond met al die regte "goodies" op die regte plekke, alles is waar dit moet wees vir jou gemak en plesier. Onthou net, dit is 'n Harley, sy moet skud en 'n bietjie raas, anders gaan jy skoon vergeet dat jy op 'n motorfiets is, in elkgeval is dit wat die koppe laat draai.

RY GEMAK

Meeste Harley's se rystyl is met jou voete vorentoe uitgestrek, maar nie die Nightster nie, jy sit op die fiets net soos jy op 'n stoel sal sit, heel gemaklik. Die "handlebars" is perfek in die sin dat jy glad nie hoef te strek om by dit uit te kom nie, en dan die sitplek is lekker laag en gemaklik. Met my rit af Port Shepstone toe en terug het ek geensins moeg of seer geword nie. Al wat ek graag sal wil sien op die Nightster is 'n windskerm, net om die ergste wind af te weer.

KRAG EN HANTEERING

Wel dit is 'n 1200cc motor bygesê wat beteken dat jy nie op en af met jou ratte hoef te sukkel nie, daar is meer as genoeg krag om selfs in 6de rat keel oop te maak, sy's gehoorsaam en sal jou nie teleurstel nie. Moenie dat die krag jou afskrik nie, op die ou einde is dit jy wat die beheer het, krag is goed veral as jy dit nodig het om uit 'n moeilike situasie uit te kom of om 'n ander voertuig verby te gaan. Die wielbasis is ook nie so lank nie, m.a.w. jy sal nie sukkel om die ysterperd deur draaie en swaaie te vat nie. Die Nightster is glad nie so swaar nie en ek het geen probleem gehad om haar te beheer op lae spoed nie.

FINALE WOORD

Hierdie was my eerste Harley rit in ware algemene omstandighede waarin jy jouself sal vind, dit is sowaar die perfekte motorfiets vir die vrou wat lekker gemaklik wil ry met die wete dat kwaliteit en krag 100% met jou is. Ek het waarlik myself geniet en die feit dat ek nog vrou alleen met hom gery het in hierdie wind en weer kan jy dit sekerlik ook doen. Doen jouself 'n guns en gaan kyk, hierdie is die fiets vir jou as jy krag en gemak op twee wiele soek, dan kom die vryheid van ry en ry en ry tot jy lekker kry.

PRYS

2008 Price: R110 000 Incl. VAT (2-tone paint)
Current Special (while stocks last): 8% discount
Expected 2009 Price: ± 5 % increase on 2008 retail

MOTOR HARLEY-DAVIDSON CYCLES

Gateway - Tel: (031) 566 3204
1000 Hills - Tel: (031) 767 5350